



## Akademiese Geletterdheid aan die US: riglyne

<b>Tipe dokument:</b>	Riglyne
<b>Doel van die beleid:</b>	Om 'n inklusiewe werksomskrywing van akademiese geletterdheid te bied wat die Universiteit en programontwerpers sal help om die verwesenliking van hierdie aspek van die kenmerke van 'n US afgestudeerde te beplan, asook om voorstelle aan die hand doen oor hoe akademiese geletterdheid in die Universiteit se onderrig- en leerprogramme aangemoedig kan word.
<b>Goedgekeur deur:</b>	
<b>Goedkeuringsdatum:</b>	2012-09-30
<b>Implementeringsdatum:</b>	2012-09-30
<b>Datum van volgende Hersiening:</b>	
<b>Datum(s) van vorige Hersienings:</b>	
<b>Beleideienaar<sup>1</sup>:</b>	Vise-Rektor: Leer en Onderrig
<b>Beleidkurator<sup>2</sup>:</b>	
<b>Sleutelwoorde:</b>	Akademiese geletterdheid; programontwerp; onderrig- en leer programme; Kritiese geletterdheid; Inligtingsgeletterdheid; Syfergeletterdheid; Teksgeletterdheid; Akademiese diskoers
<b>Geldende Weergawe:</b>	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by [www.sun.ac.za/policies](http://www.sun.ac.za/policies)

<sup>1</sup> Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikhedsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

<sup>2</sup> Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

## **Riglyndokument vir Akademiese Geletterdheid aan die US**

### **1. Agtergrond**

1.1 Akademiese geletterdheid word internasionaal én in Suid-Afrika toenemend as 'n noodsaaklike deel van die formele akademiese hoërondewyskurrikulum beskou – vir sowel voorgraadse as nagraadse studente. Daar is veelvuldige redes hiervoor:

- Daar is 'n groeiende siening dat studente in hoër onderwys in nie alleen inhoudskennis onderrig moet word nie, maar ook hoe om te leer en kennis te verwerf asook die vaardigheid van kennisoordrag in akademiese, sosiale en professionele omgewings.
- Die kenmerke van afgestudeerdes word sterk beklemtoon en eienskappe soos weetgierigheid, kreatiwiteit en 'n kritiese benadering tot kennis word bevorder.
- Skole – plaaslik én elders – rus studente wisselend (en meestal ontoereikend) met betrekking tot akademiese geletterdheid toe.
- Moderne wyses van kommunikasie verander voortdurend en teen 'n vinnige tempo en is oral te vinde in verskillende vorme en grade van kompleksiteit.
- Veeltaligheid en die vermoë om in meer as een taal te leer en te kommunikeer is 'n belangrike kenmerk van 'n Suid-Afrikaanse afgestudeerde.

1.2 In die afgelope een en 'n halwe dekades het akademiese geletterdheid aan die US beduidend aandag ontvang. Wat beleid betref, sluit dit die volgende in:

- Die US se Strategie vir Leer en Onderrig 2002-2004 met betrekking tot dit wat destyds “generiese vaardighede” genoem is, wat verwys na die algemeen vereiste vaardighede vir alle vakrigtings, byvoorbeeld skryf- of inligtingsgeletterdheid.
- Die Taalbeleid, Taalplan en die taalplanne van die onderskeie fakulteite wat aandui hoe taal in die voorgraadse kurrikulum gebruik en finansiering daarvoor bewillig word.
- Die oorlegsessie van 13 Mei 2010, getiteld “Akademiese Geletterdheid vir Studentesukses”.

1.3 Studente in die voorgraadse kurrikulum ontvang heelwat steun om akademiese geletterdheid te bekom; diegene in nagraadse programme ontvang minder. Van hierdie steun is op bepaalde studente, soos internasionale studente of studente in die Verlengde Graadprogramme, afgestem. Hierdie voorsiening is egter nie omvattend genoeg nie en word ook nie sistematies benader nie. Die Universiteit kan dus nie verseker wees dat ál haar studente, hetsy akademies goed óf onvoldoende voorberei by aankoms, die geleentheid het om die kenmerke van afgestudeerdes te ontwikkel waarmee die US se programme hulle wil toerus nie.

### **2. Oogmerke van hierdie dokument**

Gedagtig aan die goeie werk wat reeds met betrekking tot akademiese geletterdheid aan die Universiteit gedoen is, het die tyd aangebreek om 'n riglyn te ontwikkel wat:

- 'n inklusiewe werksomskrywing van akademiese geletterdheid bied wat die Universiteit en programontwerpers sal help om die verwesenliking van hierdie aspek van die kenmerke van 'n US-afgestudeerde te beplan;
- voorstelle aan die hand doen oor hoe akademiese geletterdheid in die Universiteit se onderrig- en leerprogramme aangemoedig kan word; en
- aandui waar en hoe hierdie benadering ondersteun behoort te word.

### 3. Uitgangspunt

Akademiegeletterdheid word *informeel* verwerf, met ander woorde, individueel leer dit aan deur dit tuis, op skool en op universiteit te beoefen. Dit word ook *formeel* aangeleer, met ander woorde, die reëls en gebruike word openlik onderrig, gewoonlik op skool. Volgens die literatuur verwerf studente akademiese geletterdheid die doeltreffendste wanneer dit in die konteks van die omgewings en ondersoekmetodes in hul gekose vakrigtings plaasvind.

### 4. Omskrywings

4.1 Vir die doeleindes van hierdie riglyn het die taakspan met die volgende werksomskrywing van akademiese geletterdheid vorendag gekom:

*Die gebruik van taal en visuele simbole in verskillende vorme (tekstueel, mondeling, digitaal), met inbegrip van produksie én ontvangs, vir die oordrag en verwerking van kennis op universiteit. Dit sluit in waardes en houdings wat betref leer asook benaderings tot leer.*

4.2 Wanneer daar oor akademiese geletterdheid op universiteit gepraat word, kan verskillende aspekte van hierdie breë domein aan bod kom. Praktieke van akademiese geletterdheid vir studente sluit die volgende in:

*Kritiese geletterdheid* beklemtoon die waarde van akademiese geletterdheid in die fasilitering van kritiese denke, wat noodsaaklik is vir akademiese praktieke, om suksesvolle funksionering in die werkplek aan te moedig en die groei van burgerskap in 'n demokratiese samelewing mee te help.

*Inligtingsgeletterdheid* word soos volg omskryf: "Om inligtingsgeletterd te wees, moet 'n persoon kan beseft wanneer inligting benodig word en daardie inligting dan kan opspoor, beoordeel en doeltreffend gebruik."<sup>1</sup>

*Syfergeletterdheid* word beskryf as 'n "'gewoontevaardigheid' en 'n gemak met numeriese bewerkings (...) die vermoë om kwantitatiewe of syfermatige probleme uit 'n wye verskeidenheid outentieke kontekste en die alledaagse lewe te kan uitreken en oplos"; om "gevoerde betoë gestaaf deur kwantitatiewe bewyse" te kan verstaan en skep asook "om daardie betoë in 'n verskeidenheid vorme (met behulp van woorde, tabelle, grafieke, wiskundige vergelykings, ensovoorts, soos toepaslik) oor te dra".<sup>2</sup>

*Teksgeletterdheid* het te doen met die gebruik van "die geskrewe woord" in gedrukte of elektroniese tekste, terwyl *visuele geletterdheid* weer na die gebruik van 'n omvattender bron van tekens, wat prente en ander visuele gebruike insluit, verwys.

Daar word ook onderskei tussen *drukgeletterdheid* (waar die vorm van kommunikasie op papier is) en *digitale geletterdheid* (waar die vorm van kommunikasie elektronies en toenemend webgebaseer is) (Mehlenbacher, 2010).

4.3 Akademiese geletterdheid kom op verskeie wyses in die vakkundige literatuur ter sprake, waaronder:

*Taal (byvoorbeeld Engels en Afrikaans) vir akademiese doeleindes*, waarna die literatuur in die algemeen as "EAP" of "ESP" ("English for Specific Purposes") verwys. Die klem val op lees en skryf en die voldoening aan die taaleise van onderrig, waar dit hoofsaaklik om taalverwerking vir akademiese studie in die algemeen asook vir 'n bepaalde vakrigting gaan.

---

<sup>1</sup> Omskrywing volgens die Amerikaanse Biblioteekvereniging, vry vertaal.

<sup>2</sup> Omskrywing volgens die Amerikaanse Vereniging van Kolleges en Universiteite, vry vertaal.

*Akademiese diskoers* beklemtoon die manier waarop taal gebruik word, maar sluit ook in waardes en houdings, ideologie, en die manier waarop sosiale klas en biografiese samestelling akademiese geletterdheid beïnvloed (Gee, 1992).

- 4.4 Die ontwikkeling of verwerwing van akademiese geletterdheid hang saam met die verwerwing en ontwikkeling van taalkennis, hoewel dit nie die verwerwing van taalkennis *per se* is nie. 'n Student kan byvoorbeeld Afrikaans leer om beter te kommunikeer, of oor Afrikaans as 'n taal leer. Die student sou egter Afrikaans moet leer, en moontlik ook oor Afrikaans, om akademies geletterd in Afrikaans te word.
- 4.5 Die omskrywing van akademiese geletterdheid in 4.1 beklemtoon taal en geletterdheid vir die kommunikasie van kennis in akademiese omgewings, aangesien die begrip tradisioneel so gebruik word. Professionele programme soos Ingenieurswese, Gesondheidswetenskappe en Regsgeleerdheid bevat egter tegelykertyd 'n verwante vooropstelling van taal en geletterdheid vir die kommunikasie van kennis in professionele en gemeenskapsomgewings. Die verskil kan met tydsberekening verband hou: die akademiese fokus sou op eerstejaarsvlak sterker kon wees en die professionele fokus in die finale studiejaar.

## 5. 'n Benadering vir die US

### Leerdergesentreerd:

- 5.1 Steun vir die verwerwing van akademiese geletterdheid word in alle programme en aan alle studente gebied.
- 5.2 Hierdie steun neem in ag wat studente nodig het om suksesvol te studeer asook om bekwame afgestudeerdes te word.
- 5.3 Die Universiteit voorsien in die besondere behoeftes van bepaalde groepe studente wat deur die instelling aanvaar is, soos studente in Verlengde Graadprogramme of internasionale studente.
- 5.4 Die benadering bied studente die geleentheid om die vorme en gebruike eie aan die verskillende aspekte van akademiese geletterdheid te *leer* asook veelvuldige geleenthede om dit te *beoefen*.

### Buigsaam:

- 5.5 Die benadering is buigsaam en kontekstsensitief, wat inhou dat dit verskillende vorme sal aanneem, afhange van verskeie aspekte van die konteks.
- 5.6 Fakulteite of departemente kies die ontwerp en fokus wat die beste by hulle programme, die dissiplines en die studievlak pas.
- 5.7 Hierdie benadering wend die moontlike sterkpunte van die onderrig- en leeromgewing ten beste aan, wat die sterkpunte van die onderrigkorps en steuneenhede insluit.

### Samewerkend:

- 5.8 Multidissiplinêre samewerking tussen verskillende rolspelers word onderneem om nuwe programme te ontwerp of bestaande programme te beoordeel (akademici/vakspesialiste, die Biblioteek, Taalsentrum, Sentrum vir Onderrig en Leer, spesialiste in inligtingskommunikasietegnologie).

### Sistematies:

- 5.9 Beplanning vir die ondersteuning van akademiese geletterdheid behoort te geskied op die grondslag van 'n waardebeplanning van die huidige ondersteuning van akademiese geletterdheid in 'n program en watter addisionele steun nodig is.
- 5.10 Ondersteuning vir akademiese geletterdheid behoort deel van die argitektuur van 'n program, programontwerp en gereelde hersieningsprosesse te vorm.
- 5.11 Gesprekvoering en eenstemmigheid oor akademiese geletterdheid op program-, departementele en fakulteitsvlak kan van groot waarde wees met betrekking tot:
- a) akademiese gebruike;

- b) hoe, wanneer en waar akademiese geletterdheid ondersteun moet word; en
  - c) algemene kwessies soos oorspronklikheid/plagiaat en die gebruik van Turnitin.
- (Hoewel dit voordelig is vir studente om uit verskillende oorde dieselfde boodskappe oor akademiese geletterdheid te ontvang, is dit nie altyd haalbaar nie, aangesien die onderskeie dissiplines verskillende gebruike kan hê.)

## 6. Steun

Verskeie afdelings of departemente bied steun vir die ontwerp of uitvoering van akademiese-geletterdheidsintervensies. Etlike universiteite beskou dit as beste praktyk om hierdie steun in groter, samewerkende ontwerpspanne te bied. Die volgende entiteite bied steun vir akademiese geletterdheidsteun:

Die Taalsentrum  
Die Biblioteek en Inligtingsdiens  
Die Sentrum vir Onderrig en Leer  
Die Departement Inligtingswetenskap  
Die Afrika Doktorale Akademie

## 7. Finansiële implikasies

- 7.1 Hoewel bykomende finansiering aanvanklik vereis kan word om stukrag aan die voorsiening van akademiese geletterdheid te verleen, behoort dit met verloop van tyd as deel van die gewone programaanbod beskou en dus daarby geïntegreer te word.
- 7.2 Modules in akademiese geletterdheid word as normale dienskursusse aangebied en dienooreenkomstig gefinansier. Ander dienste, soos tipiese skryfsentrumkonsultasies, advies, samewerkende navorsing en evaluering, opleiding en navorsingsteun, is gratis.
- 7.3 Die Universiteit kan finansiële steun bied vir ontwikkelingsaktiwiteite, byvoorbeeld 'n uitbreiding van die Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig (FINLO), wat akademië in staat sou stel om ander universiteite te besoek ten einde blootgestel te word aan beste praktyke of om konferensies oor akademiese geletterdheid by te woon.

## 8. Voorspraak en koördinerings

- 8.1 Die inhoud van hierdie riglyndokument behoort by die Senaat ter tafel gelê te word en op die US se webtuiste onder "Onderrig en Leer" te verskyn.
- 8.3 Die riglyne en verwante kwessies, as deel van 'n breër fokus op akademiese geletterdheid, behoort jaarliks by die Komitee vir Onderrig en Leer aandag te geniet.
- 8.3 Die inhoud van hierdie riglyn behoort die Universiteit se Onderrig- en Leerbeleid, waaraan daar tans gewerk word, te rig.

## Bronnelys

- Basturkmen, H. 2006. *Ideas and options in English for Specific Purposes*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.
- Blanton, L.L. 1994. Discourse, artefacts and the Ozarks: Understanding academic literacy. *Journal of Second Language Writing*, 3(1):1-16.
- Bourdieu, P., Passeron, J. & De Saint Martin, M. 1994. *Academic discourse*. Cambridge: Polity Press.
- Coetzee-Van Rooy, S. & Van Dyk, T.J. 2012. The continual conundrum of the "language across the curriculum" issue: lessons from the Bullock report (1975) for South African higher education today. *Journal for language teaching*, 46(1):1-17.
- Gee, J. 1992. *The social mind: Language, ideology and social practices*. New York: Bergin & Garvey.

- Greenhow, C., Robelia, B. & Hughes, J. 2009. Learning, teaching, and scholarship in a digital age – Web 2.0 and classroom research: what path should we take now? *Educational Researcher*, 38(4): 246-259.
- Ivanic, R. et al. 2009. *Improving learning in college: Rethinking literacies across the curriculum*. New York: Routledge.
- Jacobs, C. 2005. On being an insider on the outside: new spaces for integrating academic literacies. *Teaching in Higher Education*, 10(4): 475-487.
- Kress, G. 1997. *Before writing: Rethinking the paths to literacy*. Londen: Routledge.
- Leibowitz, B. 2010. *The significance of academic literacy in higher education*. Saarbrücken: Lambert Academic Publishers.
- Lillis, T. & Scott, M. 2008. Defining academic literacies research: Issues of epistemology, ideology and strategy. *Journal of Applied Linguistics*, 4(1):5-32.
- Mehlenbacher, B. 2010. *Instruction and technology: Designs for everyday learning*. Cambridge: MIT Press.
- Nightingale, P. 1988. Understanding the processes and problems in student writing. *Studies in Higher Education*, 13(3):262-280.
- Norton, B. 2000. *Identity and language learning: ethnicity and educational change*. Londen: Pearson.
- Street, B. 1995. *Social literacies: Critical approaches to literacy in development, ethnography and education*. Londen: Longman.
- Taylor, G., Ballard, B., Beasley, V., Bock, H., Clanchy, J. & Nightingale, P. 1988. *Literacy by degrees*. Londen: SRHE & Open University Press.
- Turner, J. 2011. *Language in the academy: Cultural reflexivity and intercultural dynamics*. Bristol: Multilingual Matters.
- Van Dyk, T.J. 2010. *Konstitutiewe voorwaardes vir die ontwerp van 'n toets van akademiese geletterdheid*. Ongepubliseerde PhD tesis. Bloemfontein: Universiteit Vrystaat.
- Van Schalkwyk, S.C. 2008. *Acquiring academic literacy: a case of first-year Extended Degree Programme students at a multilingual university*. Ongepubliseerde PhD tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.